**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Graad 6 Natuurwetenskappe en Tegnologie Eksamen**

Kwartaal 1 en 2

1 uur

50 punte

Opgestel deur Rouxlyn Botha

(Foto's en diagramme deur Rouxlyn Botha)

---


**Vraag 1 [4]**


Skryf slegs die letter van jou keuse langs die vraagnommer neer.


1.1 Die volgende items veroorsaak waterbesoedeling. Watter een is oplosbaar?


a) Kunsmis
b) Olie
c) Plastiekbottels
d) Koerantpapier

1.2 Watter een van die sketse hier onder stel 'n vastestof in die houer voor?

a) 

b) 

c) 

d) 

1.3 Watter van die volgende mengsels kan met die hand geskei word?

a) Olie en water
b) Verskillende soorte munte
c) Koffie, water en suiker
d) Lug

1.4 Watter een van die volgende is nie ’n goeie rede om voedsel te verwerk nie?

a) Om die voedingswaarde te verbeter
b) Om dit meer eetbaar te maak
c) Om dit langer te laat hou
d) Om dit vinniger te kan eet

**Vraag 2 [2]**

2.1 Sommige vastestowwe kan nie ’n oplossing in water vorm nie. Ons noem hierdie stowwe _________________ stowwe.

2.2 Water kan skoongemaak word deur dit deur ’n medium (soos papier of lap) te gooi wat die vastedeeltjies agter hou, terwyl die vloeistof deurgelaat word. Wat word die proses genoem?

**Vraag 3 [8]**

Kyk na die voorbeeld van die dieet hier onder en beantwoord die vrae wat volg.


| **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** | **Saterdag** | **Sondag** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ontbyt:<br>Graankos met melk<br><br>Middagete:<br>Groente | Ontbyt:<br>Vrugte<br><br>Middagete:<br>Groente | Ontbyt:<br>Jogurt en vrugte<br><br>Middagete:<br>Groente | Ontbyt:<br>Graankos met melk<br><br>Middagete:<br>Pasta met | Ontbyt:<br>Jogurt en vrugte<br><br>Middagete:<br>Groente | Ontbyt:<br>Vrugte<br><br>Middagete:<br>Groente | Ontbyt:<br>Graankos met melk<br><br>Middagete:<br>Groente |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aandete: Sop met brood<br><br>2 L water per dag | Aandete: Tamatie-en-uie-smoor<br><br>2 L water per dag | Aandete: Vrugte<br><br>2 L water per dag | uie en tamatie<br><br>Aandete: Provitas en ’n vrug<br><br>2 L water per dag | Aandete: Groente<br><br>2 L water per dag | Aandete: Sop en roosterbrood<br><br>2 L water per dag | Aandete: Tamatie en roosterbrood<br><br>2 L water per dag |

3.1 Is dit ’n gebalanseerde dieet? Verduidelik jou antwoord. (2)

3.2 Sal ’n persoon wat oor die langtermyn hierdie dieet volg, gesond wees? Hoekom? (3)

3.3 Lees die etiket van die voedsel hier onder. Wat is die hoofvoedselgroep waaruit die produk bestaan? (1)




3.4 Is die produk in vraag 3.3 gesond? Hoekom? (2)

**Vraag 4 [5]**

Lees die paragraaf oor vleilande en beantwoord die vrae wat volg.

Dit het vir ‘n paar dae aaneen gereën en die rivier oorstroom sy oewers. Die water is so diep dat André glad nie by sy skool kan uitkom nie. Die nuwe kompleks wat onder in André se straat gebou is, het omtrent heeltemal weggespoel. Die kompleks se mure het omgeval en die mense moes hul huise ontruim. Hulle slaap nou in die kerksaal. André kan nie onthou dat die straat al ooit so erg oorstroom het nie. Die reënval is tog nie ongewoon vir hierdie tyd van die jaar nie. Toe die digte plaat riete wat in die vleiland aan die onderpunt van die straat gestaan het, uitgestoot is om plek te maak vir die nuwe kompleks, was almal baie ontsteld oor die voëlnessies en diere wat verwilder is. André wonder of dit nie die natuur se manier is om wraak te neem nie.

4.1 Verduidelik, deur na die inligting in die paragraaf te verwys, waarom vleilande belangrik is. (2)

4.2 Mense wat stroomaf van die kompleks en gewese vleiland bly, het begin kla dat die rivier se water stink. Hoekom kan dit wees? (2)

4.3 Gee ’n voorbeeld van ’n siekte wat veroorsaak kan word wanneer toiletafval in drinkwater beland. (1)

**Vraag 5 [6]**


5.1 Verduidelik hoe plante hul eie voedsel maak. (5)

5.2 Wat word hierdie proses genoem? (1)

**Vraag 6 [4]**

Kyk na die foto van die ekostelsel en die diagram van ’n voedselweb wat binne hierdie ekosisteem bestaan.




6.1 Watter aspek ontbreek in die voedselweb? (1)

6.2 Beskryf watter nie-lewende dinge daar in hierdie ekostelsel beskikbaar is vir die rivierhaas. (3)

**Vraag 7 [1]**

7.1 Verduidelik wat ’n mengsel is. (1)

**Vraag 8 [5]**

8.1 Benoem en beskryf die proses waardeur sout uit ’n oplossing van sout in water herwin kan word. (3)

8.2 Verduidelik wat ’n versadigde oplossing is. (2)

**Vraag 9 [3]**

9.1 Sandra moet ’n teelepel sout in ’n koppie water oplos om haar boetie se stukkende toon mee te ontsmet. Beskryf drie maniere waarop sy dit so vinnig moontlik kan laat oplos. (3)

**Vraag 10 [5]**

Pas die voedselsoort in kolom A by die verwerkingsmetode in kolom B. (4)

| **A** | **B** |
|---|---|
| 10.1 Biltong | Kook |
| 10.2 Jogurt | Vries |
| 10.3 Pruimkonfyt | Pekel |
| 10.4 Poeiermelk | Gis |
| | Droog |
| | Sout |

10.5 Watter nadeel hou die oorprosessering van voedsel in? (1)

**Vraag 11 [7]**

Kyk na die sketse hier onder en benoem die maniere waarop water gesuiwer kan word. (3)



11.1



11.2

11.3 

11.4 Waarom is die prosesse in vrae 11.2 en 11.3 nodig wanneer water gesuiwer word? (1)

11.5 Noem drie redes waarom skoon water nodig is. (3)

---

**50 punte**